



INLIGTINGSTUK OOR DIE HANTERING VAN DIE ONREGMATIGE BESETTING VAN GROND

1. INLEIDING

'n Duidelike onderskeid moet vir doeleindes van hierdie dokument getref word tussen die onwettige betreding van eiendom en plakkery in die gewone loop van sake aan die eenkant en 'n skielike en georkestreerde besetting van eiendom deur persone aan die anderkant. Hierdie dokument gee 'n breedvoerige uiteensetting van beide. In die geval van 'n skielike en geokestreerde besetting van eiendom moet daar op 'n vinnige en besliste wyse teen sodanige persone opgetree word, wat die deelname van alle rolspelers vereis.

2. BETREDING VERSUS BESETTING

Daar is skynbaar heelwat onduidelikheid onder grondeienaars oor die verskil tussen betreding en besetting of okkupasie en wat die korrekte optrede ten opsigte van betreding en onregmatige okkupasie is.

Betreding beteken om op iemand se eiendom te oortree sonder sy/haar toestemming. Betreding word gereguleer deur die wet op Oortreding nr 6 van 1939 wat 'n verbod plaas op die betreding van grond sonder die wettige eienaar, of okkupeerder se toestemming en dit 'n kriminele oortreding maak. Dit impliseer dat die polisie ingeroep kan word om so 'n persoon te verwyder.

Besetting of okkupasie geskied wanneer daar 'n mate van permanensie is waar die persoon reeds 'n struktuur opgerig het en die bedoeling gevestig het om op die grond te woon. Wanneer dit gebeur het, is die persoon nie 'n blote betreder nie, maar 'n onregmatige okkupeerdersoos beoog in die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsettings en die Onregmatige Besetting van Grond van 1998. Die implikasie hiervan is dat so 'n persoon slegs d.m.v. 'n hofbevel uitgesit kan word. Uitsetting anders as d.m.v. 'n hofbevel is 'n kriminele oortreding waarvoor die eienaar tronkstraf opgelê kan word by skuldigbevinding.

Dit is dus uiters belangrik om so gou moontlik die polisie in te roep voordat die betreder 'n struktuur oprig of enige permanensie vestig.

3. WETGEWING RAKENDE GRONDBESETTING EN UITSETTINGS

Die uitsetting van persone van grond word deur wetsbepalings geregleer. Die volgende wette reguleer verskillende geregtelike situasies en is van toepassing vir die doel van die dokument:

- Die wet op die uitbreiding van sekerheid van verblyfreg, 1997, Wet no 62 van 1997 (USV-Wet);
- Die wet op die voorkoming van onwettige uitsetting en onregmatige besetting van grond, 1998, Wet no 19 van 1998 (VOU-Wet);
- Die wet op grondhervorming (huurarbeiders), 1996, Wet no 3 van 1996 (GH-Wet);
- Die wet op oortreding, 1959, Wet no 6 van 1959 (WO-Wet).

Hierdie wette is dikwels moeilik om te vertolk en toe te pas en is daar gestel om beide grondeienaars en die polisie van hulp te wees.

3.1 Wet op die voorkoming van onwettige uitsettings en die onregmatige besetting van grond

Hierdie Wet (Wet no 19 van 1998), het op 5 Junie 1998 in werking getree. Dit herroep die Wet op die Voorkoming van Onwettige Plakkery in sy geheel. Plakkery is dus nie meer 'n kriminele oortreding nie. Grondeienaars sal voortaan ook nie meer die gemeenregtelike remedies soos die mandament van spolie kan gebruik om plakkers van hul grond af te kry nie. Plakkers (oftewel onregmatige okkupeerders) kan nou slegs uitgesit word deur middel van 'n hofbevel wat ingevolge hierdie wet gegee is.

- **Waar is die wet van toepassing?**

Hierdie wet is van toepassing op alle grond, landelik sowel as stedelik, privaatgrond sowel as staatsgrond.

- **Wie word deur die wet beskerm?**

Die wet beskerm sogenaamde onregmatige okkupeerders. Dit is naamlik persone wat grond beset sonder die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die grond. Indien die persone wel toestemming het om daar te woon word die situasie geregleer deur die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (USV-wet).

- **Wat is die aard van die beskerming wat die onregmatige okkupeerders geniet?**

Die wet bepaal dat onregmatige okkupeerders slegs ingevolge die bepalings van hierdie wet uitgesit mag word. Uitsetting wat op enige ander wyse as ingevolge 'n hofbevel wat in terme van hierdie wet verleen is geskied, is 'n kriminele oortreding en 'n eienaar of persoon wat hom of haar hieraan skuldig maak kan 'n boete en/of tronkstraf opgelê word.

Daar word vereis dat 'n eienaar wat beplan om onregmatige okkupeerders uit te sit, aan hulle minstens twee weke vooraf skriftelike kennis van sy voorneme moet gee. Kennis moet ook aan die munisipaliteit in wie se regsgebied die grond geleë is, gegee word. Die kennisgewing moet vermeld dat daar aansoek gedoen sal word vir 'n bevel vir die persoon of persone se uitsetting; op watter datum en tyd die aansoek aangehoor sal word; wat die redes vir die aansoek is en dat die onregmatige okkupeerders geregtig is om voor die hof te verskyn om die saak te verdedig asook dat hulle geregtig is om aansoek te doen vir regshulp.

Na die twee weke verstryk het, kan die eienaar of persoon in beheer van die grond enige afdeling van die Hoë hof of 'n Landdroshof in wie se regsgebied die grond geleë is, nader vir 'n uitsettingsbevel. Die hof is nie verplig om 'n uitsettingsbevel te verleen nie, maar het 'n diskresie in die verband. In die uitoefening van sy diskresie moet die hof sekere dinge in ag neem. Faktore wat in ag geneem moet word is onder andere die regte en behoeftes van bejaardes, kinders, gestremde persone en huishoudings waarvan 'n vrou die hoof is. Indien die onregmatige okkupeerders reeds vir langer as ses maande op die betrokke grond woon, moet die hof ook oorweeg of alternatiewe grond vir hulle beskikbaar gestel is of beskikbaar gestel kan word. Indien die hof dan in die lig van al hierdie faktore tevrede is dat dit billik en regverdig is om 'n uitsettingsbevel te verleen, sal die hof twee datums vasstel. Die eerste is 'n datum waarop die persone die grond moet ontruim, die tweede is 'n latere datum waarop die uitsettingsbevel uitgevoer sal word indien die persone nie die grond op die eerste datum ontruim het nie. Wanneer die hof hierdie datums vasstel, sal die hof onder andere in ag neem hoe lank die onregmatige okkupeerders reeds op die grond was. Die hof kan ook beveel dat hulle strukture gesloop moet word.

- **Dringende aansoek vir uitsetting**

Die wet maak daarvoor voorsiening dat 'n eienaar of persoon in beheer van grond die hof op 'n dringende basis kan nader vir 'n uitsettingsbevel. Die bewyslas in so 'n aansoek is egter baie swaar. Die eienaar sal naamlik moet bewys dat daar 'n werklike en wesenlike gevaar bestaan dat hy ernstige skade of besering sal ly indien die persoon of persone nie uitgesit word nie. Verder sal die eienaar ook moet bewys dat hy as eienaar groter ontbering sal ly as die onregmatige okkuperders nie uitgesit word nie as wat hulle sal ly indien hulle wel uitgesit word.

4. UITSETTING VAN GROND AF

Uitsetting van grond af word altyd kragtens 'n hofbevel gedoen, of die persoon 'n huurarbeider, 'n bewoner (hetsy wettig of onwettig), 'n plaaswerker of selfs 'n onregmatige okkuperder (plakker) is. (Let wel: Uitsetting en arrestasie moet nie verwar word nie.)

Die uitsetting van 'n bewoner of okkuperder moet ingevolge die toepaslike wette geskied, andersins sal die uitsetting onwettig wees. Daar is verskillende kategorieë van bewoners, soos huurarbeiders, wettige en onwettige bewoners en okkuperders en plaaswerkers. Dit is belangrik om te onderskei tussen bewoners en onwettige okkuperders, omdat die prosedures wat gevolg moet word in elke situasie verskil.

5. BEWONERS

Dit is belangrik om daarop te let dat enige persoon wat met die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van landbougrond daar kom woon, kwalifiseer as 'n bewoner in terme van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg. Ook in die geval waar seisoensarbeid byvoorbeeld tydelik op 'n plaas gewoon het en hul weier om by die verstyking van hul kontrak die plaas te verlaat, sal die prosedures soos voorgeskryf deur hierdie wetgewing vir uitsetting gevolg moet word. Dit is dus ook moontlik vir persone wat aanvanklik wettig met toestemming op plaas kom woon het om in effek die plaas te "beset" deur te weier om die plaas te verlaat by die verstryking van hul kontrakte. In so geval moet 'n kundige prokureur so gou moontlik genader word om uitsettingsverrigtinge te begin.

5.1 Wettige bewoners

'n Wettige bewoner is 'n persoon wat met die toestemming van die grondeienaar op grond woon.

- **Bewoner**

'n Bewoner is 'n persoon wat met die eienaar se toestemming op die grond woon. Hierdie toestemming hoef nie uitgedruk te word nie (geskrewe of mondelings), stilswyende toestemming kan ook gegee word. 'n Voorbeeld van uitdruklike toestemming is waar 'n bewoner op grond woon nadat hy/sy die toestemming van die eienaar gevra het. 'n Voorbeeld van stilswyende toestemming is waar 'n persoon op 'n plaas bly met die medewete van die eienaar. Indien die eienaar geen stappe doen om die bewoner uit te sit nie, het die eienaar stilswyende toestemming gegee deur sy/haar optrede. So 'n bewoner moet ook 'n bruto salaris van minder as R5 000.00 per maand verdien. Die USV-Wet beskerm die regte van die bewoner. Die USV-Wet beskerm nie persone wat die grond vir industriële, mynbou of kommersiële landboudoeleindes benut nie. USV-Wet is nie van toepassing op grond wat uitgevaardig of erken is as townships nie.

- **Huurarbeider**

'n Huurarbeider is 'n persoon wat op 'n plaas woon en wat die reg het om die eienaar se plaas te gebruik (of ander grond wat aan die eienaar behoort) en wat, as vergoeding, vir die eienaar werk (soos die persoon se ouers of grootouers gedoen het). Die huurarbeider kan sy arbeid deur iemand anders voorsien, bv die pa is 'n huurarbeider wat die plaas benut en in ruil werk sy seun of dogter vir die eienaar. 'n Plaaswerker wat hoofsaaklik kontant betaal word vir sy/haar werk, kwalifiseer nie as 'n huurarbeider nie. Plaaswerkers moet self die werk doen, wat hulle verder van huurarbeiders onderskei. Die reg van bewoning van die huurarbeiders en hul "vennote" (familieledes, werknemers) word deur die GH-Wet beskerm.

5.2 Onregmatige bewoners

'n Onregmatige okkupeerder is iemand wat sonder die uitdruklike of stilswyende toestemming van die eienaar op die grond bly. Bewoners wat onder die USV-Wet val is nie onregmatige okkupeerders nie. Die regte van 'n onregmatige okkupeerder word deur die VOU-Wet beskerm. Hierdie kategorie van okkupeerder sal meestal wees wat algemeen bekend staan as "plakkers". Die VOU-Wet het die Wet op die Voorkoming van Onwettige Plakkery, 1951 vervang.

5.3 Oortreders

'n Oortreder is iemand wat eiendom sonder die toestemming van die eienaar betree. 'n Oortreder kan deur die polisie gearresteer word. Wanneer 'n oortreder op die grond/eiendom van die eienaar "woon" moet

die oortreder beskou word as 'n onwettige bewoner. “Woon” beteken 'n persoon het sy/haar woonplek op 'n sekere plek, of bly permanent op 'n sekere plek.

'n Hof wat 'n oortreder skuldig bevind aan 'n oortreding ingevolge artikel 1(1) van die Wet op Oortreding, 1959, kan beveel dat die oortreder onmiddellik van die betrokke grond uitgesit word. Hierdie bevoegdheid sluit *NIE* die bevoegdheid in om te beveel dat strukture verwyder word nie.

6. PROSEDURE

Onder die meeste omstandighede sal 'n polisiebeampte versoek word om die “probleem” van 'n bewoner te hanteer wanneer 'n grondeienaar 'n klagte rapporteer by die Gemeenskapsdienssentrum van die polisiekantoor in die area.

Die polisielid wat die klagte hanteer moet bepaal of die bewoner waaroor gekla is in een van die bogenoemde kategorieë val. Wanneer 'n bewoner die beskerming van die GH-Wet, USV-Wet of VOU-Wet geniet, moet die polisiebeampte aanbeveel dat die klaer 'n prokureur raadpleeg ten einde die uitsettingsprosedures ingevolge die toepaslike wetgewing in werking te stel.

Uitsetting wat nie ingevolge die toepaslike wetgewing plaasvind nie is onwettig en is oortredings ingevolge wetgewing.

6.1 Uitsetting van huurarbeiders

Huurarbeiders kan slegs ingevolge 'n bevel van die Grondeisehof (artikel 5 van die GH-Wet) uitgesit word. Sodanige bevel word deur die eienaar bekom deur 'n aansoek aan die hof.

6.2 Uitsetting van Wettige Bewoners

Uitsetting van wettige bewoners kan ingevolge 'n bevel van die Landdros-, Grond- of Hooggeregshof plaasvind.

Uitsettings ingevolge USV-Wet kan in drie fases gedoen word:

- Die eienaar beëindig die reg op okkupasie ingevolge artikel 8;
- Die eienaar bekom 'n hofbevel indien die bewoner nie die grond binne die vasgestelde tydperk ontruim nie;
- Die uitsettingsbevel word toegepas.

Waar 'n bewoner sedert 4 Februarie 1997 op die grond gewoon het, en niks ingevolge die USV-Wet verkeerd gedoen het nie (kwaadwillige skade

aan eiendom, intimidasie, ens.), moet die eienaar bewys dat daar gepaste akkommodasie beskikbaar is soos in die USV-Wet omskryf word.

6.3 Uitsetting van Onregmatige Bewoners

Onregmatige okkupeerders kan slegs ingevolge 'n bevel van die Landdroshof of Hooggeregshof uitgesit word. Die eienaar kan by die hof aansoek doen om 'n uitsettingsbevel. Dit is ook 'n kriminele oortreding om direk of indirek enige betaling te ontvang of te bemiddel vir die reël of organiseer of toelaat dat 'n persoon grond beset sonder die toestemming van die eienaar of die toesighouer oor die grond.

7. UITVOERING VAN UITSETTINGSBEVELE

Die Balu van die Hof sal uitvoering gee aan uitsettingsbevele. In sommige gevalle, waar daar genoegsame aanduidings is dat die Balju en sy/haar amptenare aan beserings, die dood of skade aan eiendom blootgestel kan word, sal die Suid-Afrikaanse Polisiemag die persone beskerm en 'n wet en orde funksie vervul.

8. OORTREDING

Oortreders moet so spoedig as moontlik gearresteer word en in die hof verskyn. Die eienaar of persoon in beheer van die eiendom moet 'n formele klag by sy naaste polisiestasiê. Wanneer dit duidelik is dat die verdagte(s) vir 'n sekere tyd op die eiendom gewoon het, moet die eienaar die advies gegee word dat die oortreder d.m.v 'n hofbevel uitgesit moet word.

Die eienaar of persoon in beheer van die eiendom moet 'n beëdigde verklaring aflê waarin ten minste die volgende gestel word:

- Die bevoegdheid van die klaer (bv eienaar, wettige bewoner of persoon in beheer);
- Dat die verdagte(s) op die grond (of in die gebou) gegaan het;
- Dat die eienaar, wettige bewoner of persoon in beheer nie toestemming gegee het nie;
- Dat die verdagte geen wettige rede het om op die eiendom te wees nie (bv. Waar die verdagte die grond huur, 'n werknemer van die klaer is of 'n bona fide besoeker van 'n wettige bewoner is (USV-Wet).

9. GRONDBESETTINGS

Wanneer polisie in kennis gestel word van 'n grootskaalse grondbesetting, is dit belangrik om so gou as moontlik op te tree. Grondbesettings gaan gewoonlik gepaard met die gewelddadige besetting van grond.

9.1 Wat die eienaar kan doen

Die eienaar kan 'n dringende uitsettingsbevel bekom ingevolge artikel 5 van die VOU-Wet.

9.2 Wat die SAPD kan doen

Die SAPD moet ondersoek instel om vas te stel of enige van die volgende ootredings begaan is:

- Gemenerereg ootredings: Aanranding, moord, brandstigting, kwaadwillige beskadiging van eiendom of enige poging tot die bogenoemde;
- Oortreding – artikel 1 (1) Wet op Oortreding, 1959;
- Openbare geweld: artikel 17 van die Wet op Oproerige Byeenkomste No 17 van 1956;
- Intimidasie ingevolge artikel 1 of 1A van die Wet op Intimidasie No. 72 van 1982;
- Betaling vir die organisering van onwettige okkupasie – Artikel 3(1) van die Wet op Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond, 1998 (Wet No 19 van 1998);
- Sameswering om enige van die bogenoemde te pleeg – artikel 18(2)(A) van die Wet op Oproerige Byeenkomste No. 17 van 1956.

In alle gevalle waar grondbesettings gepolisieer word, moet volledig rekord gehou word vir getuienis.

10. SPESIFIEKE OPTREDE MET GRONDBESETTINGS

Die volgende prosedures is met die polisie nasionaal uitgeklaar vir optrede deur grondeienaars of persone wat gemagtig is om namens die grondeenaar op te tree:

- Enige optrede wat daarop dui dat onwettige besetting van plase voorkom moet onmiddellik deur die grondeenaar of sy gevolmagtigde by sy plaaslike polisie gerapporteer word en 'n klagte van betreding moet gelê word ingevolge artikel 1 van die Wet op Oortreding (Wet nr 6 van 1959).

Indien 'n grondeienaar oor enige inligting beskik of dreigemente ontvang wat dui op 'n plaasbesetting moet dit ook onmiddellik aan sy plaaslike polisie gerapporteer word.

- Indien daar reeds 'n periode verloop het voordat sodanige besetting gewaar word moet die grondeienaar of sy gevolmagtigde by die hof aansoek doen om 'n uitsettingsbevel ingevolge die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsettings en die Onregmatige Besetting van Grond, Wet nr 19 van 1998 en die voorval moet ook by sy naaste polisiestasie aangemeld word. Persone wat van voorneme is om hulle plase vir 'n tydlank te verlaat moet ook die volgende reëlings tref:
 - ◆ 'n persoon skriftelik magtig om namens hom so 'n voorval aan te meld;
 - ◆ reëlings met sy regsverteenvoerder te tref om sodanige uitsettingsbevel by die hof aan te vra, veral na ure; en
 - ◆ sy regsverteenvoerder van die nodige volmag te voorsien om die nodige regsstappe namens hom te doen.
- In die geval van die polisie is die volgende instruksie deur die Joints Prioriteitskomitee (voorheen NOKOK) aan die polisie en weermag voorsien:
 - ◆ alle voorvalle wat dui op plaasbetredings moet op 'n dringende basis hanteer word deur die polisie;
 - ◆ alle oortreders op sodanige eiendom kan onmiddellik gearresteer word en voor die hof gedaag word;
 - ◆ in gevalle van skuldigbevinding van oortreders moet aanklaers versoek word om aansoek te doen om 'n onmiddellike uitsettingsbevel in terme van artikel 2(2) van die Wet op Oortreding, 1959; en
 - ◆ uitsettings van bewoners moet uitgevoer word deur die plaaslike Balju van die Hof met die ondersteuning van die polisie om toe te sien dat wet en orde deur sodanige uitsetting gehandhaaf word.
- Die volgende operasionele prosesreëlings is ook in plek en georganiseerde landbou se verteenwoordigers in die Grondvlak Joints Prioriteitskomitee moet betrokke raak by die uitvoering daarvan:
 - ◆ Die Provinsiale Joints sal die Grondvlak Joints taak om in ooreenstemming met die wetlike prosedure soos reeds uiteengesit onmiddellik betreders van plase en kleinhoewes te arresteer;
 - ◆ Indien 'n uitsettingsbevel verkry is en die bewoners in minagting van sodanige hofbevel aanhou woon op die plaas, kan die polisie die balju bystaan in die verwydering van sodanige okkupeerders ingevolge 'n hofbevel; Die Grondvlak Joints moet alle rolspelers onmiddellik inlig oor enige inligting wat betrekking het op onwettige plaasbesettings; en

- ◆ Die prosedure sal soos nodig ook deur die polisie met die grondeienaar gekommunikeer word.
- Intelligensie sal op 'n weeklikse basis die klimaat monitor wat kan lei tot onwettige plaasbesettings en groepe dop te hou wat by reëlings van sodanige aksies betrokke kan raak..Grondeienaars se optrede behels die volgende:
 - Rapporteer alle onwettige grondbetredings onmiddellik by die plaaslike polisiestasie en voorsien alle relevante inligting rakende die betreding;
 - Rapporteer die bevestigde grondbesetting aan u plaaslike provinsiale landbou-unie;
 - Indien die plaaslike polisie nie reageer op 'n klagte oor 'n onwettige grondbetreding nie, moet dit onmiddellik aan die provinsiale landbou-unie gerapporteer word, wat dan verder met die klagte moet handel;
 - Indien reaksie op provinsiale vlak nie na wense is nie, moet die klagte oor die grondbetreding asook die polisie se versuim om op te tree volledig en skriftelik aan Agri SA gerapporteer word, wat die klagte verder sal opneem met die nasionale Joints Prioriteitskomitee;
- Wenke aan boere:
 - Weet wat op u grond aangaan.
 - Tree so gou moontlik op teen persone wat sonder u toestemming enigiets woonstrukture op u grond oprig.
 - Lê onmiddellik 'n klag van betreding by die Polisie en waat daar reeds strukture opgerig is, gee 'n bekwame prokureur opdrag om met uitsettingsverrigtinge te begin. Maak seker dat u prokureur op hoogte is van die bepalings van hierdie wet.
 - Bring kennisgewings op u grensdrade aan wat sê: “Betreding is 'n kriminele oortreding. Oortreders sal vervolgt word”. In die geval kan die toepassing van Agri SA se Protokol vir toegang tot plase en die oprigting van plaas protokol borde van waarde wees.(’n Volledige uiteensetting van die protokol en 'n voorbeeld van die protokolbord word hierna ingesluit).

11. PROTOKOL VIR TOEGANG TOT PLASE

In die lig van die aanvalle op plaasbewoners wat onverpoos voortgaan sal geen besoeker in die toekoms toegelaat word om enige plaasgrond te betree nie behalwe in die volgende gevalle:

• VEILIGHEIDSDIENSTE

Dit sluit in die SA Polisie Diens en die SA Nasionale Weermag.

- Verkieslik per vooraf reëling.
- In duidelike uitkenbare voertuie en kleredrag (uniforms).

- Meld onmiddellik by die eienaar aan wanneer die eiendom betree/binne gegaan word en toon identiteitsdokument.
- Lig die eienaar in oor die aard en tydsduur van die beoogde optrede op die grond.
- Grondeienaars onderneem om hulle samewerking aan die veiligheidsmagte te verleen in die uitvoering van hul pligte.

• **ANDER AMPTENARE WAT INGEVOLGE STATUTÊRE REËLINGS DIE BEVOEGDHEID/REG HET OM GROND TE BETREE IN DIE UITVOERING VAN HUL PLIGTE:**

By hierdie groep word ingesluit inspekteurs van die Departemente van Arbeid, Binnelandse Sake, Gesondheid, Landbou ens.

- Slegs per vooraf reëling/afpraak/toestemming van die eienaar of 'n ander persoon in beheer van die eiendom.
- Wanneer die eiendom betree of perseel binne gegaan word, moet daar onmiddellik by die eienaar of persoon in beheer van die eiendom aangemeld word.
- Die amptenaar moet homself behoorlik identifiseer, uiteensit wat die aard van sy besigheid is en hoe lank hy op die eiendom sal vertoef.
- Die amptenaar sal geen ander take of aksies verrig as dit waarvoor hy toestemming verkry het nie.
- Indien die amptenaar nie daarin slaag om 'n afspraak te maak nie omdat hy nie kontak kan maak met die eienaar/persoon in beheer van die eiendom nie, of omdat die versoek om 'n afspraak afgewys word, dan moet hy die plaaslike boerevereniging of distrik landbou-unie of die SAPD nader om hom by te staan.

• **PRIVAAT PERSONE WAT INGEVOLGE 'N STATUTÊRE REËLING BESOEKE OP PLASE KAN AFLË**

Dit sluit in mense wat bv ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid 'n reg het om bewoners op 'n plaas te besoek

- Slegs per vooraf reëling/afpraak met die eienaar of die persoon in beheer van die eiendom.
- Die besoeker mag net 'n vooraf geïdentifiseerde roete na die plaaswerkerhuise of voorouergrafte gebruik.
- Daar moet 'n duidelike ooreenkoms wees oor die tydsduur van die besoek.

- Die besoeker sal geen aktiwiteite onderneem anders as waarvoor hy/sy toestemming verkry het nie.

- **PRIVATE PERSONE SONDER STATUTÊRE REGTE**

Dit sluit bv in navorsers, politieke organiseerders werkerorganiseerders, godsdiensterkers en so meer


- Per reëling om plaaswerkers te ontmoet op 'n geskikte openbare bymekaarkomplek van die plaas af.
- Boere sal dit vir hul plaaswerkers moontlik maak om sodanige geleenthede by te woon, insluitend, waar prakties moontlik, die verskaffing van vervoer na die bymekaarkomplek.
- Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle sal die persone toegelaat word om die eiendom te betree en dan met 'n baie uitdruklike reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom en op sodanige voorwaardes as wat so 'n persoon mag voorskryf.

- **ALGEMEEN**

- Landbou-organisasies en die breë boeregemeenskap se benadering sal wees om die veiligheidsituasie met hierdie werkswyse te bestendig en sal nie die protokol gebruik om mense wat 'n bona fide reg of versoek het om die eiendom te betree op onredelike wyse sodanige betreding te ontsê nie.
- Amptenare en persone wat toegang tot eiendom wil verkry sal begrip toon vir die noodtoestand wat tans op plase heers en hul nie skuldig maak aan uitlokkende of uitdagende optrede nie en sal versoeke om toegang tot plase beperk tot wat redelikerwys noodsaaklik of gewens is.

- **KENNISGEWINGBORD**

Die onderstaande kennisgewingbord is deur Agri SA Provinsiale Kamer aanvaar vir gebruik.

<p style="text-align: center;">REG VAN TOEGANG VOORBEHOU</p> <p style="text-align: center;">RIGHT OF ADMISSION RESERVED</p>  <p style="text-align: center;">PLAAS PROTOKOL</p> <p style="text-align: center;">FARM PROTOCOL</p>	<p style="text-align: center;">CBA</p> <p style="text-align: center;">19</p>
--	--

Die bord bestaan uit twee dele naamlik 'n Plaas Protokol gedeelte en 'n gedeelte wat vir 'n plaasnommer gereserveer is.

12. VOLMAG DOKUMENTE

Ingesluit die volgende volmag dokumente wat lede kan gebruik om volmag te gee aan 'n persoon om namens hom op te tree indien die grondeienaar van sy grond afwesig is:

- Volmag aan persoon om namens die grondeienaar op te tree;
- Volmag aan 'n prokureur.